# REëLS EN REGULASIES

## Inhoud

**1.** INLEIDING ..... 3
**2.** AMATEURSTATUS VAN KLUBS ..... 3
**3.** TROFEES ..... 3
**4.** WEDSTRYDE ..... 3
4.1 Aanvangstyd van Ligawedstryde ..... 3
4.2 Handhawing van orde by wedstryde ..... 4
4.3 Spelbeurtlys ..... 6
4.3.4 Prosedure by die uitstel van wedstryde ..... 6
4.4 Bepaling van semi-finaliste van Super Liga en Eerste Liga A kompetisies ..... 7
4.4.7 Reëls vir kwalifikasie vir Eerste Liga *B* Kompetisie ..... 7
4.5 Finale, en semi-finale wedstryde ..... 7
4.6 Uitslag van semi-finale ..... 8
4.7 Uitslag van finale ..... 8
4.8 Staking van wedstryde as gevolg van force majeure (buitengewone onvoorsiene omstandighede) ..... 9
4.8.4 Staking van semi-finale ..... 9
4.8.5 Staking van 'n finale ..... 10
4.9 Staking van wedstryde as gevolg van algemene wanordelikheid ..... 10
4.10 Diskwalifikasie van spelers vir bepaalde wedstryde ..... 10
4.10.2 Klubs met Super liga, Eerste Liga en streekseksies ..... 11
4.10.3 Semi-finale, en Finalewedstryde ..... 11
4.11 Noodhulp by rugbywedstryde ..... 11
4.12 Provinsiale wedstryde ..... 12
4.13 Verslaggewing oor wedstryde ..... 12
4.14 Jurisdiksie oor wedstryde ..... 13
4.15 Versuim om wedstryde te speel ..... 13
4.16 Onttrekking uit kompetisie ..... 13
4.17 Onttrekking van spanne in 'n wedstryd ..... 14
4.18 Plaasvervangers ..... 14
4.19 Wedstrydlyste ..... 14

**5.** ONTTREKKING UIT PROVINSIALE SPAN ........ 15
**6.** EISE VIR REISKOSTES EN ANDER UITGAWES ........ 15
**7.** KLUBKLEURE ........ 15
**8.** KOMPETISIESTRUKTUUR ........ 16
**9.** LIDMAATSKAPREGISTER ........ 18
**10.** REGISTRASIE VAN SPELERS ........ 18
**11.** OORPLASING EN VERKIESBAARHEID VAN SPELERS ........ 19
**12.** SKEIDSREGTERS ........ 20
12.3 ROOI EN GEELKAARTE ........ 21
**13.** TOELATING VAN AMPSDRAERS BY KLUBWEDSTRYDE ........ 23
**14.** UITVOERENDE KOMITEE VERGADERINGS ........ 24
**15.** OPNEEM VAN SPELERS IN SWD-SPANNE ........ 24
**16.** DISSIPLINêRE PROSEDURE ........ 24
17 APPèL ........ 252
18 MAGTE VAN APPèLKOMITEE ........ 26
19 BYWONING VAN AMPTELIKE AKTIWITEITE ........ 22
20 BOETES ........ 23

## 1. INLEIDING

Die Uitvoerende Bestuur (UB of Komitee) van die Suid-Westelike Distrikte Rugbyvoetbalunie (SWDRVU of Unie) het die mag:

> *"Om besluite te neem, wat die krag van reëls en regulasies sal hê, mits sulke besluite nie in stryd is met bestaande reëls, regulasies en beslissings en die wette wat sport beheer nie. Alle besluite en beslissings van die Komitee sal van krag wees totdat hulle deur daardie of enige daaropvolgende Komitee of deur 'n Algemene Jaarvergadering herroep of verander word. Die Komitee het ook, die uitsluitlike jurisdiksie om Reëls en Regulasies te wysig of aanpas ten einde die spel rugby te bevorder. Sodanige wysiging kan geskied op aanbeveling van die Unie se Regs of Dissiplinêre Komitee."*

## 2. AMATEURSTATUS VAN KLUBS

2.1 Alle klubs binne die jurisdiksie van die Unie het amateurstatus soos omskryf in die Suid Afrikaanse Rugbyunie (SARU) se regulasies. Geen klub sal toegelaat word om 'n span vir Unie kompetisies in te skryf wat nie uitsluitlik op 'n amateurbasis bedryf word nie.

2.2 Enige gekontrakteerde speler wat in terme van klousule 11 hieronder kwalifiseer om vir 'n klub te speel, mag dit slegs op 'n amateurgrondslag doen.

## 3. TROFEES

3.1 Alle trofees bly die eiendom van die Unie.

3.2 Die wenners van sodanige trofees moet dit aan die Bestuurder: Amateurrugby / Uniekantoor terugbesorg voor of op 28 Februarie van die daaropvolgende jaar

## 4. WEDSTRYDE

### 4.1 Aanvangstyd van Ligawedstryde

4.1.1 Indien wedstryde in die middag gespeel word, mag die laaste wedstryd nie later as 16h00 (4 nm) begin nie. Dit wil sê die 3de span wedstryd sal 13h30 en die 2de span wedstryd 14H50. Die laaste wedstryd moet vanaf 1 Mei tot 31 Augustus nie later as 15h30 (3:30nm) begin nie. Dit wil sê die 3span wedstryd sal 13h00 en die 2span wedstryd 14h15.

4.1.2 Indien wedstryde in die aand gespeel word, mag die laaste wedstryd nie later as 21h00 (9 nm) begin nie. Dit wil sê die 3de span wedstryd sal 18h30 en die 2de span wedstryd 19h50. Die laaste wedstryd moet vanaf 1 Mei tot 31 Augustus nie later as 20h30 (8:30nm) begin nie. Dit wil sê die 3de span wedstryd sal 18h00 en die 2de span wedstryd 19h15.

4.1.3 Indien dit vir enige klub onmoontlik is om by die aanvangstye soos in 4.1.1 en 4.1.2 hierbo te hou, moet die twee klubs ten minste twee (2) werksdae (dit wil sê Maandag tot Vrydag, uitgesonder openbare vakansiedae) voor die wedstryd op nuwe tye ooreenkom.

4.1.4 Beide klubs moet sodanige reëling ten minste een (1) werksdag voor die wedstryd skriftelik met die Bestuurder: Amateurrugby bevestig.

4.1.5 Indien die Bestuurder: Amateurrugby behoorlik in terme van klousule 4.1.4 hierbo ingelig word, bekragtig hy die aanvangstyd van die wedstryd skriftelik met die sekretarisse van die tuis- sowel as die besoekende klub.

4.1.6 Die tuisklub is verantwoordelik om die skeids- en lynregters wat vir die dag aangestel is, telefonies / skriftelik in te lig van die nuwe aanvangstye van elke wedstryd.

4.1.7 Nieteenstaande die bepalings van 4.1.1 tot 4.1.6 hierbo, is dit binne die diskresie van die skeidsregter, tesame met die voorsitters of lid van bestuur van beide klubs, wat vir ‘n bepaalde wedstryd aangestel is om toe te laat dat ‘n wedstryd sal voortgaan met verkorte tydsduur sodra beide Klubs gereed is om die wedstryd(e) te speel.Die verkorte tyd moet deeglik aan beide Klubs verduidelik word.

4.1.8 Enige klub wat versuim om te voldoen aan die bepalings soos uiteengesit in 4.1.1 tot 4.1.6 hierbo, word onmiddellik geskors totdat sodanige klub voor ‘n dissiplinêre komitee verskyn, in welke geval ‘n dissiplinêre verhoor binne een (1) week, of so gou moontlik, na die skorsing ingestel is, byeengeroep moet word.

4.1.9 Klubs moet bereid wees om Vrydagaande te speel waar daar ‘n tekort aan velde is.

4.1.10 Vir administratiewe doeleindes sal die amptelike SWDRVU Klubrugbyseisoen strek vanaf 01 Februarie tot 30 November van elke jaar.

## 4.2 Handhawing van orde by wedstryde

4.2.1 Slegs een (1) spanbestuurder, twee (2) noodhulpbeamptes en twee (2) baljoggies van elke span word binne die omheining om die speelveld (soos in klousule 4.5.3 van die grondwet omskryf) toegelaat. Die SARU Reëls en Regulasies met betrekking tot kantlyn bestuur, plaasvervangersbank en tegniese areas asook die Plaasvervanging Protokol soos uitgestip in die “Side Line Management – Fifteens” dokument sal toegepas en gehandhaaf word soverre dit die tegniese area en vervanging van Spelers tydens amptelike wedstryde betref.
Die “Side Line Management – Fifteens” dokument is beskikbaar by die volgende skakel: https://www.sareferees.com/resources/downloads

4.2.2 Die tuisklub dra die finale verantwoordelikheid vir die handhawing van goeie orde tydens wedstryde. Indien daar op enige stadium meer as vyfhonderd (500) toeskouers by enige wedstryd fasiliteit (rugbyveld) teenwoordig is, moet die speelveld in geheel omhein word.

4.2.3 Nieteenstaande die bepaling in klousule 4.2.2, is elke klub verantwoordelik vir die handhawing van goeie orde onder sy ondersteuners, spelers en beamptes. Beide klubs moet tydens wedstryde 'n veiligheidsbeampte aanstel wat gesamentlik die veiligheidsituasies aanspreek en ontlont en indien nodig, amptenare of enige toepaslike persone bymekaar bring om veiligheidsituasies te bespreek en aksieplanne te implementeer. Toeskouers, ondersteuners en/of amptenare, of enige ander persone moet spesiaal ingelig word oor die vereistes, verwagtinge en enige ander kodes van die SWDRVU.

4.2.4 Elke klub moet 'n veiliqheids- en sekuriteitsplan indien by die SWDRVU se kantoor (Bestuurder: Amateur Rugby) en vertoon vir die besoekende klub en wedstrydbeamptes.

4.2.4.1 Elke klub moet 'n identifiseerbare veiligheid- en sekuriteitspan vir wedstryde aanstel.

4.2.4.2 Besoekende spanne moet verklaar wie hul saamreisende veiligheids- en sekuriteitsbeampte is.

4.2.4.3 Klubs moet spesiale moeite doen om toeskouer brandpunte te kontroleer en om toe te sien dat geen persoon, met spesifieke verwysing na; spelers, amptenare, wedstrydbeamptes of SWDRVU amptenare/bestuurslede voor, tydens en na wedstryde geintimideer of verbaal mishandel word nie.

4.2.4.5 Toeskouers wat verbale aanvalle loods op beamptes, amptenare/ bestuurslede, besoekers en spelers of enige ander persoon moet gewaarsku word, en indien nie daaraan gehoor gegee word nie, moet hulle verwyder word vanuit die fasiliteit.

4.2.4.6 Toeskouers of enige ander persoon wat onder die invloed van alkohol (alle tipe drank) of dwelmmiddels voorkom en wie se gedrag problematies is, moet nie toegang tot wedstryde verleen word nie.

4.2.4.7 Toeskouers, amptenare, spelers, bestuurslede of enige persoon wat by herhaling die gees van die spel en die organisasie van die tuisklub benadeel, moet nie by wedstryde toegelaat word nie.

4.2.4.8 Tuisklubs moet toesien dat geskikte en behoorlike veiligheidsmaatreëls getref word om alle persone te beveilig voor, tydens en na rugbywedstryde. Tuisklubs moet toesien dat veiligheids en sekuriteitsmaatreëls in plek is totdat die laaste besoeker/toeskouer of enige persone teenwoordig tydens die wedstryd die rugbyveld of perseel verlaat .

4.2.4.9 Tuisklubs moet verseker dat veilige, en waar nodig, bewaakte parkeerplekke vir alle besoekers toegeken word.

4.2.4.10 Waar beperkte parkeerruimte by velde bestaan, moet bewaakte parkering buite die sportgronde aangebied word.

4.2.5 Geen sterk drank of enige tipe alkoholiese drank, vuurwapens, skerp voorwerpe of enige gevaarlike wapens mag tydens wedstryde deur toeskouers by ‘n rugbyveld ingebring word nie. Die gebruik van enige afhanklikheidsvormende dwelms by rugbyvelde is verbode. Die tuisklub moet toesien dat streng beheer uitgeoefen word oor die beskikbaarheid van enige alkoholiese drank tydens wedstryde.

4.2.6 Enige alkoholiese drank mag slegs verkoop word waar wetlike gelisensieerde kroeë bestaan. Alle alkoholiese drank moet in 'n afgebakende gebied verkoop en gebruik word. Klubs wat oor gelisensieerde kroeë beskik, moet hierdie fasiliteit toeganklik maak en die nodige sekuriteits/veiligheids maatreëls in plek sit om enige gevaar en veiligheids situasie te ontlont en aan te spreek.

4.2.7 Elke rugbyklub is verplig om te verseker dat elke stadion en fasiliteit waar wedstryde aangebied word, voldoen aan die bepalings van die Wet op Veiligheid by Sport en Ontspanningsgeleenthede, Wet 2/2010 (SASREA).

### 4.3 Spelbeurtlys

4.3.1 Die spelbeurtlys vir die seisoen word deur die Uitvoerende Bestuur goedgekeur.
4.3.2 Alvorens die spelbeurtlys soos in klousule 4.3.1 hierbo goedgekeur word, word sodanige lys aan ‘n Klubsake vergadering / Voorsittersforum voorgelê vir insette deur die klubs.
4.3.3 Alle wedstryde word afgespeel soos in die spelbeurtlys bepaal tensy daar in terme van die prosedure soos in 4.3.4 hieronder uiteengesit, opgetree word.

#### 4.3.4 Prosedure by die uitstel van wedstryde

4.3.4.1 Indien dit vir ‘n klub (die aansoeker) onmoontlik is om ‘n wedstryd te speel op die datum soos in die spelbeurtlys bepaal, moet sodanige klub se sekretaris ten minste twee (2) weke voor die datum waarop die wedstryd in terme van die spelbeurtlys gespeel moet word, die ander klub (die respondent) se sekretaris en die Bestuurder: Amateurrugby van die Unie skriftelik dienooreenkomstig inlig met volle opgaaf van redes.
4.3.4.2 Die aansoeker moet ten minste een (1) week voor die datum waarop die wedstryd in terme van die spelbeurtlys gespeel moet word met die respondent op ‘n alternatiewe datum ooreenkom. Beide klubs moet dadelik die ooreengekome datum skriftelik met die Bestuurder: Amateurrugby bevestig.
4.3.4.3 As die aansoeker en die respondent nie ‘n ooreenkoms kan bereik nie, moet ‘n dispuut skriftelik by die Unie aanhangig gemaak word. Sodanige dispuut sal vir arbitrasie na die Unie se Dissiplinêre Komitee verwys word nie later nie as die vierde (4de) dag voor die datum waarop die wedstryd in terme van die spelbeurtlys gespeel moet word. Die bevinding van die arbitrasiekomitee sal finaal en bindend op albei partye wees.
4.3.4.4 In enige geval waar onvoorsiene omstandighede / force majeure veroorsaak dat bostaande tydskaal nie nagekom kan word nie, moet die twee klubs steeds probeer om op ‘n alternatiewe datum ooreen te kom. Indien ‘n dispuut ontstaan, sal ‘n arbitrasiekomitee soos in 4.3.4.3 hierbo bedoel binne een (1) week na skriftelike kennisgewing van die dispuut saamgestel word.
4.3.4.5 Die arbitrasiekomitee mag:
4.3.4.5.1 besluit dat die wedstryd op die datum soos in die spelbeurtlys bepaal, afgespeel moet word, of
4.3.4.5.2 ‘n alternatiewe datum aanwys, of
4.3.4.5.3 die nie-oortredende span tot wenners verklaar, in welke geval maksimum wedstrydpunte aan sodanige nie-oortredende span toegeken word.
4.3.4.6 Indien ‘n klub drie (3) keer per seisoen ‘n onsuksesvolle party is by bostaande arbitrasieprosedure, sal sodanige klub voor die dissiplinêre komitee van die Unie gedaag word. Die dissiplinêre komitee mag onder andere bepaal dat sodanige klub sy stemreg by die AJV verbeur.
4.3.4.7 Die aantal spelers van ‘n klub wat in ‘n provinsiale span opgeneem is, kan nie as geldige rede vir die uitstel van ‘n wedstryd aangevoer word nie.

4.3.4.8 Die aantal beseerde spelers in 'n Klub kan nie as geldige rede vir die uitstel van 'n wedstryd aangevoer word nie.

4.3.4.9 Deelname aan uitnodigings / vriendskaplike wedstryde, kan nie as geldige rede vir die uitstel van 'n wedstryd aangevoer word nie. Die SWDRVU Klubkompetisie sal altyd prioriteit geniet bo alle ander uitnodigings / vriendskaplike of nie-amptelike wedstryde.

## 4.4 Bepaling van semi-finaliste van Super Liga en Eerste Liga A kompetisies

4.4.1 Die eerste vier spanne op die punteleer van die Super Liga ~~A~~ en Eerste Liga A sal in die semi-finale speel.

4.4.2 Die span wat die eerste posisie op die punteleer beklee, speel teen die span in die vierde posisie en die span in die tweede posisie speel teen die span in die derde posisie. Die tweede en derde spanne sal ingedeel word na gelang van die bepaling van die eerste spanne en om logistieke redes geplaas word

4.4.3 Indien twee spanne met ewe veel punte eindig, word die span met die beste punteverskil (*"punte vir"* minus *"punte teen"* in alle ligawedstryde gespeel) in die hoër posisie geplaas.

4.4.4 Indien toepassing van 4.4.3 hierbo geen uitsluitsel gee nie, word die span wat die meeste drieë gedruk het in al die ligawedstryde in die hoër posisie geplaas.

4.4.5 Indien toepassing van 4.4.4 hierbo steeds geen uitsluitsel gee nie, word die span wat die meeste punte in wegwedstryde aangeteken het in al die ligawedstryde in die hoër posisie geplaas.

4.4.6 Indien toepassingvan klousule 4.4.1 tot 4.4.5 hierbo steeds geen uitsluitsel gee nie, word die hoër posisie deur die opskiet van 'n muntstuk bepaal.

## 4.4.7 Reëls vir kwalifikasie vir Eerste Liga B Kompetisie

4.4.7.1 Die twee boonste klubs in Eerste Liga B Oos en Eerste Liga B Wes onderskeidelik sal speel in die semi-finale van die Eerste Liga Kompetisie

4.4.7.2 Eerste Liga Oos se Posisie 1 klub sal speel teen Eerste Liga Wes se Posisie 2 klub terwyl Eerste Liga Wes se Posisie 1 Klub sal speel teen Eerste Liga Oos se Posisie 2 klub

4.4.7.3 Die wenners van die semi-finale sal speel teen mekaar in die finale van die Eerste Liga Kompetisie

4.4.7.4 Die wenner van die Eerste Liga B Kompetisie sal outomaties promoveer na die Eerste Liga A kompetisie

4.4.7.5 Die Klubs wat die laaste posisie beklee na afloop van die spelbeurtlys van die Eerste Liga B Oos en Wes kompetisies, sal outomaties relegeer na die Streke waarvan die klubs kom

4.4.7.6 Die wenners van die Streke kompetisies in die Kus en die Karoo sal outomaties promoveer na die Eerste Liga B Kompetisie

## 4.5 Finale, en semi-finale wedstryde

4.5.1 Alle finale, en semi-finale wedstryde word afgespeel op die plek en datum soos deur die Uitvoerende Komitee bepaal in die spelbeurtlys soos bedoel in 4.3.

4.5.2 Nieteenstaande die bepalings van 4.5.1 hierbo, kan die Uitvoerende Bestuur, in spesiale omstandighede en na oorlegpleging met alle belanghebbendes betrokke, besluit om finale, en

/ of semi-finale wedstryde op ‘n ander tyd en plek te laat plaasvind as wat aangedui word in die spelbeurtlys in 4.3 hierbo genoem.

4.5.3 Die netto hekgelde geïn by semi-finale wedstryde**,** gaan 60% vir gasheer klub en 40% vir die SWDRVU.

## 4.6 Uitslag van semi-finale

4.6.1 Indien die telling in ‘n semi-finaal na afloop van die amptelike speeltyd gelykop is, word twintig minute bykomende tyd, opgedeel in twee gelyke helftes van tien minute elk, met ‘n rusperiode van een minuut tussen die genoemde helftes, gespeel.

4.6.2 Indien die telling in ‘n semi-finaal na toepassing van 4.6.1 hierbo steeds gelykop is, word die span wat die meeste drieë in die wedstryd (amptelike tyd plus bykomende tyd) aangeteken, het as wenners verklaar.

4.6.3 Indien toepassing van 4.6.2 hierbo steeds geen uitsluitsel gee nie, word die span wat die hoogste posisie op die punteleer behaal het na afloop van al die ligawedstryde, as die wenner verklaar.

4.6.4 Indien toepassing van 4.6.3 hierbo steeds geen uitsluitsel gee nie, word die span met die beste punteverskil as die wenner verklaar.

4.6.5 Indien toepassing van 4.6.4 hierbo steeds geen uitsluitsel gee nie, word die span wat die meeste drieë gedruk het in al die ligawedstryde, insluitende die semifinale, as die wenner verklaar.

4.6.6 Indien toepassing van 4.6.5 hierbo steeds geen uitsluitsel gee nie, word die span wat die meeste punte in wegwedstryde aangeteken het in al die ligawedstryde as die wenner verklaar.

4.6.7 Indien toepassing van 4.6.1 tot 4.6.6 hierbo steeds geen uitsluitsel gee nie, word die wenner deur die opskiet van ‘n muntstuk bepaal.

4.6.8 Spanne wat nie teen mekaar gespeel het tydens die ligawedstryde nie in Eerste Liga B en Streke:

4.6.8.1 Indien die telling na afloop van die amptelike speeltyd gelykop is, word twintig minute bykomende tyd (Ekstra Tyd), opgedeel in twee gelyke helftes van tien minute elk, met ‘n rusperiode van een minuut tussen die genoemde helftes gespeel, en word die wenner as volg bepaal:

4.6.8.1.1 die span wie die meeste punte na afloop van Ekstra Tyd aangeteken het,

4.6.8.1.2 indien na afloop van Ekstra Tyd die telling steeds gelykop is, sal die spanne voortgaan om te speel in intervalle van tien (10) minute, met een minuut rusperiode tussenin. Die span wie eerste punte aanteken word as wenner verklaar (sudden death).

## 4.7 Uitslag van finale

4.7.1 Indien die telling in ‘n finaal na afloop van die amptelike speeltyd gelykop is, word twintig minute bykomende tyd, opgedeel in twee gelyke helftes van tien minute elk, met ‘n rusperiode van een minuut tussen die genoemde helftes, gespeel.

4.7.2 Indien toepassing van 4.7.1 hierbo steeds geen uitsluitsel gee nie, word die span wat die hoogste posisie op die punteleer behaal het na afloop van al die ligawedstryde, as die wenner verklaar.

4.7.3 Spanne wat nie teen mekaar gespeel het tydens die ligawedstryde in Eerste Liga B en Streke nie:

4.7.3.1 Indien die telling na afloop van die amptelike speeltyd gelykop is,word twintig minute bykomende tyd (Ekstra Tyd), opgedeel in twee gelyke helftes van tien minute elk, met 'n rusperiode van een minuut tussen die genoemde helftes gespeel,en word die wenner as volg bepaal:

4.7.3.1.1 die span wie die meeste punte na afloop van Ekstra Tyd aangeteken het,

4.7.3.1.2 indien na afloop van Ekstra Tyd die telling steeds gelykop is, sal die spanne voortgaan om te speel in intervalle van tien (10) minute, met een minuut rusperiode tussenin. Die span wie eerste punte aanteken word as wenner verklaar (sudden death).

### 4.8 Staking van wedstryde as gevolg van force majeure (buitengewone onvoorsiene omstandighede)

4.8.1 Indien 'n wedstryd tydens rustyd of enige tyd daarna, maar voor die verstryking van amptelike tyd (insluitende bykomende tyd, waar van toepassing) gestaak word, word die telling soos wat dit op daardie oomblik is, tot eindtelling verklaar.

*4.8.2* Indien 'n wedstryd voor die afskop daarvan of tydens die eerste helfte gestaak word, word die uitslag van die wedstryd nietig verklaar en 'n nuwe wedstryddatum word deur die Bestuurder: Amateurrugby bepaal. Indien geen alternatiewe datum beskikbaar is nie, word die wedstryd as 'n gelykop uitslag verklaar.

4.8.3 Indien omstandighede as gevolg van 'n Force Majeure gebeurtenis 'n vertraging in die afskop van 'n Wedstryd teweegbring sal 'n Skeidsregter, op sy eie diskresie die volgende bepaling maak:

4.8.3.1 dat die wedstryd sal voortgaan soos geskeduleer, al is dit vertraagd, so redelik, prakties en spoedig moontlik nadat die Force Majeure gebeurtenis bedaar het; of

*4.8.3.2* dat die fasiliteit en speelveld onspeelbaar verklaar is as gevolg van die Force Majeure gebeurtenis.

### 4.8.4 Staking van semi-finale

4.8.4.1 Indien 'n semi-finaal tydens rustyd of enige tyd daarna, maar voor die verstryking van amptelike tyd en/of bykomende tyd, gestaak word, word die telling soos wat dit op daardie oomblik is tot eindtelling verklaar.

4.8.4.2 Indien die telling met die staking van 'n semi-finaal gelykop is, word die prosedure soos in 4.6.2 tot 4.6.8 hierbo toegepas.

4.8.4.3 Indien 'n semi-finaal voor die afskop daarvan of tydens die eerste helfte gestaak word,en die semi-finaal kan om watter rede ookal nie herskeduleer word nie, word die prosedure soos in 4.6.3 tot 4.6.8.1.2 hierbo toegepas.

### 4.8.5 Staking van 'n finale

4.8.5.1 Indien 'n finaal tydens rustyd of enige tyd daarna, maar voor die verstryking van amptelike tyd en/of bykomende tyd, gestaak word, word die telling soos wat dit op daardie oomblik is tot eindtelling verklaar.

4.8.5.2 Indien die telling met die staking van 'n finaal gelykop is, word die prosedure soos in 4.7.2 tot 4.7.3 hierbo toegepas.

4.8.5.3 Indien 'n finaal voor die afskop daarvan of tydens die eerste helfte gestaak word, en die finaal kan om watter rede ookal nie herskeduleer word nie, word die prosedure soos in 4.7.2 tot 4.7.3.1.2 hierbo toegepas.

### 4.9 Staking van wedstryde as gevolg van algemene wanordelikheid

4.9.1 Indien 'n wedstryd as gevolg van algemene wanordelikheid gestaak word, word albei die betrokke spanne onmiddellik geskors totdat beide klubs voor 'n dissiplinêre komitee verskyn.

4.9.2 Sodanige dissiplinêre ondersoek moet binne een (1) week, indien moontlik, na die skorsing ingestel is, byeengeroep word met dien verstande dat drie (3) werksdae formele kennisgewing daarvoor gegee sal word.

4.9.3 Die dissiplinêre komitee sal die besture van die betrokke klubs, die wedstrydbeamptes en enige ander getuies aanhoor om 'n mening te vorm oor die gebeure wat tot die staking van die wedstryd aanleiding gegee het.

4.9.4 Waar 'n klub verantwoordelik gehou word vir die staking van 'n wedstryd, is die volgende sanksies (benewens enige ander waarop die dissiplinêre komitee mag besluit) van toepassing:

4.9.4.1 die opponerende span sal tot wenners verklaar word en maksimum wedstrydpunte sal aan sodanige opponerende span toegeken word, en/of

4.9.4.2 deelname aan die Unie se aktiwiteite mag tot 'n maksimum van 'n jaar vanaf die datum van oortreding opgeskort word, en/of

4.9.4.3 tuiswedstryde mag tot 'n maksimum van 'n jaar vanaf die datum van oortreding verbeurd verklaar word.

4.9.4.4 Waar beide klubs verantwoordelik gehou word vir die staking van 'n wedstryd, sal die uitslag van die wedstryd nietig verklaar word en geen wedstrydpunte aan enige van die spanne toegeken word nie. Daarbenewens mag die sanksies in 4.9.4.2 en 4.9.4.3 hierbo vervat, sowel as enige ander sanksie waarop die dissiplinêre komitee mag besluit, toegepas word.

### 4.10 Diskwalifikasie van spelers vir bepaalde wedstryde

4.10.1 Vir die doeleindes van hierdie regulasie (4.10) sal die onderstaande rangorde van senioriteit van klubspanne wat deelneem aan die onderskeie kompetisies van die Unie gevolg word:

1ste: Eerste span

2de: Tweede span

3de: Derde span

4de: Ouderdomspanne (met ouer spanne meer senior as junior spanne) Daarbenewens sal die Super liga seksie van enige klub hoër senioriteit hê as die streekseksie

### 4.10.2 Klubs met Super liga, Eerste Liga en streekseksies

4.10.2.1 Waar 'n klub oor 'n Super liga- en of Eerste Liga sowel as 'n streekseksie beskik, moet die twee seksies outonoom met hul beheerstrukture, onderskeidelik Klubsake en die relevante streekbestuur, skakel.

4.10.2.2 Die Super liga spelers van 'n klub moet by die Super liga en die streekspelers by die streekliga geregistreer word.

4.10.2.3 'n Streekspeler mag sonder meer in die Super ligaseksie van sy klub speel mits hy behoorlik daar geregistreer is.

4.10.2.4 'n Super ligaspeler mag in die streekseksie van sy klub speel mits hy behoorlik daar geregistreer is, maar eers nadat hy vir twee (2) agtereenvolgende amptelike wedstryde nie gespeel het nie.

### 4.10.3 Semi-finale, en Finalewedstryde

4.10.3.1 'n Speler wat in die laaste <u>ses (6) ligawedstryde</u> (in die geval van 'n meer as elf (11) wedstrydprogram in die tweede rondte) of wat in die laaste vier (4) ligawestryde (in die geval van 'n minder as sewe (7) wedstrydprogram in die tweede rondte) in 'n hoër span/liga vir sy klub diens gedoen het, mag nie in 'n semi-finaal, of 'n finaal in 'n laer span/liga diens doen nie. Indien 'n speler beseer was voor die laaste <u>ses (6) liga</u> wedstryde, sal die laaste wedstryd waarin die speler gespeel het, geld as maatstaf.

4.10.3.2 'n Speler oorgedra van 'n ander provinsie moet ten minste vyf (5) groepwedstryde van die kompetisie onmiddellik voor 'n semi-finale, finale, soos die geval mag wees, in aanmerking te kom om deel te neem in 'n semi-finale/ finale vir die nuwe provinsie.

4.10.3.3 Spanlyste (wat die beginspan sowel as die reserwes insluit) moet ten minste drie (3) werksdae voor die bepaalde semi-finaal, finaal of promosie/relegasie wedstryd aan die Unie voorsien word.

4.10.3.4 Indien daar op enige stadium voor die aanvang van die betrokke semi-finaal, finaal of promosie/relegasie wedstryd bewys gelewer kan word dat spelers nie in terme van klousule 4.10.3.1 hierbo geregtig is om in sodanige semi-finaal, finaal of promosie/relegasie wedstryd te speel nie, sal hulle aan die betrokke span/ne onttrek word.

4.10.3.5 Indien 'n semi-finaal, finaal of promosie/relegasie wedstryd reeds 'n aanvang geneem het, word die uitslag van die wedstryd nie beïnvloed deur die aanwesigheid in spanne van spelers wat in terme van klousule 4.11.3.1 hierbo nie kwalifiseer om in sodanige spanne te speel nie. Sodanige spelers moet onmiddellik vervang word wanneer bewys van hul diskwalifikasie aan die lig kom.

## 4.11 Noodhulp by rugbywedstryde

*4.11.1* Die tuisklub is verantwoordelik vir die voorsiening van voldoende noodhulpgeriewe (insluitend noodhulpbeamptes) tydens alle klubwedstryde, insluitende vriendskaplike wedstryde. Daar sal

ten alle tye aan die Boksmart voorgeskrewe minimum mediese vereistes voldoen word tydens wedstryde. Klubs moet egter voortdurend daarna streef om die mediese sorg tydens wedstryde te verbeter om speler veiligheid te verseker. Die minimum vereistes kan gevind word by http://boksmart.sarugby.co.za/content/playing-environment-safety

4.11.2 Die Unie is verantwoordelik vir die voorsiening van voldoende noodhulpgeriewe (insluitend noodhulpbeamptes) tydens semi-finale (pro-rata), finale, proewe en provinsiale wedstryde.

4.11.3 Nieteenstaande 4.11.1 en 4.11.2 hierbo is klubs wat aan enige rugbywedstryd deelneem, geregtig daarop om hul eie noodhulpgeriewe (insluitend noodhulpbeamptes) te verskaf.

4.11.4 Indien daar nie voldoende noodhulpgeriewe by enige wedstryd is nie, sal die skeidsregter weier dat sodanige wedstryd plaasvind.

### 4.12 Provinsiale wedstryde

4.12.1 Provinsiale wedstryde word by die Unie se hoofkwartier, of by ‘n ander plek waarop die UB mag besluit, gespeel.

4.12.2 Vervoerreëlings van verteenwoordigende provinsiale spelers word deur die Algemene Bestuurder; Bestuurder: Rugbybedrywighede en Bestuurder: Finansies of Finansiële Beampte in oorleg met die spanbestuurder getref.

4.12.3 Vervoerkoste van provinsiale spelers moet tot ‘n minimum beperk word. Die minimum aantal voertuie moet vanaf ‘n gegewe vertrekpunt of langs ‘n gegewe roete gebruik word.

4.12.4 Wanneer privaatvoertuie gebruik word om spelers na provinsiale wedstryde te vervoer, moet die kortste roete gevolg word.

4.12.5 Vervoerkoste sal bereken word teen ‘n per kilometer tarief soos van tyd tot tyd deur die Unie bepaal tussen die vertrekpunt en die plek waar provinsiale wedstryde gespeel word.

4.12.6 Ete en akkommodasie van spelers wat aan provinsiale wedstryde deelneem, word deur die Unie gereël en betaal.

4.12.7 Alle verteenwoordigende spanne van die Unie moet onder die toesig van ‘n spanbestuurder wees, hetsy vir tuis- of wegwedstryde.

4.12.8 Slegs die spanbestuurder, in oorleg met die Algemene Bestuurder / Bestuurder: Finansies of Finansiële beampte, mag kostes namens die Unie aangaan of rekeninge namens die Unie teken. Enige koste wat deur enige persoon of speler in stryd met hierdie bepaling aangegaan word, is vir daardie persoon of speler se persoonlike rekening.

### 4.13 Verslaggewing oor wedstryde

4.13.1 Die sekretarisse van beide klubs moet die Bestuurder: Amateurrugby/streekwedstrydsekretaris die volgende werksdag voor 13:00 skriftelik in kennis stel van die uitslag van alle amptelike wedstryde

4.13.2 Die Bestuurder: Amateurrugby /streek-wedstrydskretaris moet rekord hou van alle uitslae van amptelike wedstryde wat onder die jurisdiksie van die Unie afgespeel word.

4.13.3 Die Bestuurder: Amateurrugby /streek-wedstrydsekretaris sal gereeld terugvoering in verband met die puntestand in elke kompetisie aan klubs gee.

### 4.14 Jurisdiksie oor wedstryde

4.14.1 Indien wedstryde buite die amptelike kompetisies van die Unie binne die grense van die Unie gereël word, moet die goedkeuring van die Klubsake Komitee/Dagbestuur/UB daartoe verkry word.

4.14.2 Geen klub mag sonder die toestemming van die Komitee aan nie-amptelike wedstryde deelneem nie.

4.14.3 Geen klub of speler wat by SWDRVU geregistreer is, mag sonder toestemming van die Unie aan wedstryde buite die jurisdiksie (grense) van die SWDRVU deelneem nie.

4.14.4 Enige klub of speler wat deelneem aan enige wedstryd wat nie deur die Unie gemagtig is nie, word onmiddellik geskors totdat sodanige klub of speler voor 'n dissiplinêre komitee verskyn, in welke geval 'n dissiplinêre verhoor binne een (1) week na die skorsing ingestel is, byeengeroep moet word.

4.14.5 Indien 'n klub of speler twee keer binne 'n seisoen hierdie klousule (4.14) oortree of op enige ander manier die Unie se gesag minag of ondermyn, kan die dissiplinêre komitee sodanige klub of speler se lidmaatskap van die Unie opsê.

### 4.15 Versuim om wedstryde te speel

4.15.1 'n Klub wat versuim om 'n ligawedstryd te speel, word onmiddellik geskors totdat sodanige klub voor 'n dissiplinêre komitee verskyn, in welke geval 'n dissiplinêre ondersoek binne een (1) week, of so gou doenlik, na die skorsing ingestel is, byeengeroep moet word.

4.15.2 Benewens enige ander sanksie wat deur die dissiplinêre komitee toegepas mag word,

4.15.2.1 sal die dissiplinêre komitee die opponerende span tot wenners verklaar en maksimum wedstrydpunte aan hulle toeken

4.15.2.2 sal die dissiplinêre komitee bepaal dat koste deur die nie-oortredende span aangegaan en waarvan daar bewys voorgelê is, ten volle of gedeeltelik deur die oortredende span betaal word

4.15.2.3 sal 'n boete tot 'n maksimum van R5,000.00 (vyf duisend rand) per span gehef word.

4.15.2.4 sal die oortredende span die wedstryd gelde van die skeidsregters sowel as hul vervoergelde, asook 'n maksimum bedrag van tot R10,000.00 aan die nie- oortredende span betaal indien die klub nie opdaag vir 'n geskeduleerde wedstryd

4.15.3 Indien enige klub vir 'n derde keer in 'n bepaalde seisoen versuim om 'n ligawedstryd te speel, mag die dissiplinêre komitee (benewens enige ander sanksie wat toegepas mag word) bepaal dat sodanige klub van deelname aan die kompetisie geskors word vir die duur van daardie seisoen. Spelers geregistreerd by sodanige Klubs kan egter na 'n skorsing van 3 wedstryde uitgedien by ander Klubs registreer mits sodanige registrasie / oordrag plaasvind jaarliks voor 30 Junie.

### 4.16 Onttrekking uit kompetisie

4.16.1 'n Klub moet ten minste twee (2) ligawedstryde vooruit aansoek doen om hom aan 'n kompetisie van die Unie te onttrek.

4.16.2 Sodanige aansoek stel die klub egter nie vry van die bepalings van klousule 4.15 hierbo nie.

4.16.3 Vanaf die datum waarop die klub se aansoek goegekeur word, sal geen verdere sanksie toegepas word nie.

## 4.17 Onttrekking van spanne in 'n wedstryd

4.17.1 In 'n geval waar enige klub genoodsaak is om een of meer spanne van n wedstryd te onttrek, moet sodanige onttrekkings in die volgende orde geskied:

| | |
|---|---|
| 1ste | Vierde span (indien enige) |
| 2de | Derde span |
| 3de | Tweede span |
| 4de | Eerste span |

4.17.2 Indien 'n Super liga klub vir drie of meer ligawedstryde met minder as drie spanne speel, en 'n Eerste Liga klub vir drie of meer ligawedstryde met minder as twee spanne speel, mag sodanige klub sy Super liga of Eerste Liga status verloor kragtens die bepaling vervat in klousule 4.5.4 van die grondwet van die Unie.

## 4.18 Plaasvervangers

4.18.1 Elke klub mag agt (8) plaasvervangers per span aanwys. Spelers wat vooraf vir die 3de en 2de spanne gespeel het, mag as plaasvervangers vir senior span aangewys word.

## 4.19 Wedstrydlyste

4.19.1 Alvorens daar 'n aanvang geneem word met enige ligawedstryd, moet wedstrydlyste met die name van beide mededingende spanne aan die skeidsregter oorhandig word. By versuim hiervan, sal hy weier om die wedstryd te laat begin.

4.19.2 Sodanige wedstrydlyste moet deur elke klub se sekretaris nie later die volgende werksdag om 13H00 na afloop van die wedstryd aan die Bestuurder: Amateurrugby/streek-wedstrydskretaris gestuur word.

4.19.3 Alvorens daar 'n aanvang geneem word met enige ligawedstryd, moet volledige wedstrydgroepe alreeds vier en twintig uur (24 uur) vooruit op die Footprint platform gelaai word. Indien dit onmoontlik is om by die vier en twintig uur (24 uur) tydperk te hou, moet volledige wedstrydgroepe ten minste twaalf uur (12 uur) vooruit op die Footprint platform gelaai wees met geldige opgaaf van redes oor die laat indiening vir oorweging aan die kantoor (omstandighede buite die beheer van klub). Enige beserings en onttrekkings moet ook op die Footprint platform aangebring word. Versuim om hieraan te voldoen kan lei tot Dissiplinêre aksie teen die oortredende span en kan u benewens 'n boete van R1,000.00 (eenduisend rand) per span, ook enige ander sanksie deur die Dissiplinêre Komittee opgelê word.

4.19.4 Alvorens daar 'n aanvang geneem word met enige wedstryd, moet die kopkaarte van beide Klubs se wedstrydgroepe geverifieër word. Sodanige verifieëring moet deur die onderskeie Klubs amptenare gedoen word. Geen spelers sal toegelaat word om sonder 'n kopkaart te speel nie, geen kopkaarte, geen wedstryd. Oortredende Klubs sal voor 'n Dissiplinêre Komittee

gedaag word, en kan u benewens 'n boete van R2,500.00 (tweeduisend vyfhonderd rand), ook enige ander sanksie deur die Dissiplinêre Komittee opgelê word.

## 5. ONTTREKKING UIT PROVINSIALE SPAN

5.1 Geen speler wat gekies is vir enige SWD Verteenwoordigende provinsiale span (bv. Arende, Vroue; onder 20/21 en 7s span) vir enige bepaalde wedstryd en wat daarna van die span onttrek, mag vir sy klub of enige ander span speel op dieselfde dag as wat die Unie-wedstryd waarvoor hy gekies is, afgespeel word nie

5.2 Geen geaffilieerde klub sal toelaat dat so 'n speler op die betrokke dag vir sodanige klub speel nie.

5.3 Indien die bepalings van klousule 5.1 en 5.2 oortree word, word beide die betrokke klub en speler onmiddellik geskors totdat 'n dissiplinêre verhoor kan plaasvind, welke verhoor binne een (1) week na die skorsing ingestel is, moet plaasvind. Sodanige klub en/of speler mag (benewens enige ander sanksie wat deur die dissiplinêre komitee toegepas mag word) vir drie (3) opeenvolgende ligawedstryde geskors word.

5.4 Geen speler wat hom van provinsiale rugby onttrek sal toegelaat word om enige klubrugby binne die strukture van SWD te speel tensy die speler skriftelik voor die aanvang van die liga sodanige versoek aan die Uitvoerende Bestuur stel, op goeie gronde, welke besluit deur die Uitvoerende Bestuur geëvalueer sal word en die Uitvoerende Bestuur 'n bindende besluit sal neem."

## 6. EISE VIR REISKOSTES EN ANDER UITGAWES

6.1 Alle eise vir reiskoste aangegaan deur spelers en amptenare van die SWDRVU en ander uitgawes verhaalbaar van die Unie moet voor die ***25ste*** van elke maand ingedien word in gebreke waarvan die Unie hom geensins verder verantwoordelik hou vir sodanige uitgawes nie. Alle eise wat na sperdatum ingedien word sal vir die volgende maand oorweeg word

6.2 Eise om reiskostes van spelers moet aan die betrokke spanbestuurder vir goedkeuring oorhandig word, wat dit dan vir betaling aan die Unie-kantoor sal besorg.

## 7. KLUBKLEURE

7.1 Klubs moet verseker dat spelers in alle wedstryde wat onder die vaandel van die Unie plaasvind die goedgekeurde kleure en uitrusting van die klub dra.

7.2 Klubs moet voor of op 15 Februarie van elke jaar, die klub se werklike, asook alternatiewe uitrusting vir die seisoen aan die Unie vir goedkeuring voorlê.

7.3 Indien die uitrustings van klubs vir 'n spesifieke wedstryd in so 'n mate dieselfde vertoon dat dit tot verwarring op die veld kan lei, moet die Unie ten minste een (1) week voor die betrokke wedstryd die besoekende klub in kennis stel dat sodanige klub in 'n alternatiewe uitrusting moet speel.

7.4 Nadat die besoekende klub soos in 7.3 hierbo in kennis gestel is, moet sodanige klub ten minste drie (3) werksdae voor die betrokke wedstryd 'n alternatiewe uitrusting soos bedoel in 7.3 hierbo aan die Unie vir goedkeuring voorlê.

## 8. KOMPETISIESTRUKTUUR

8.1 Die Unie se kompetisies bestaan uit:

8.1.1 Die Senior liga, wat voorsiening maak vir die volgende kompetisies:

Super Liga

Eerste Liga A

Eerste Liga B Oos en Eerste Liga B Wes

8.1.1.1 Klubs in die Super Liga en Eerste Liga A sal van meet af aan met drie (3) Spanne per klub kompeteer en sal as sulks jaarliks drie (3) spanne registreer by affiliasie/subskripsie. Na afhandeling van die Eerste Rondte van die Super Liga en Eerste Liga A kompetisies, sal daar 'n kompetisie gespeel word wat die volgende struktuur behels:

8.1.1.1.1 Top 8 Super Liga – Bestaande uit die eerste 8 Klubs, in posisienommers 1 tot 8 op die puntestand van die Super Liga 1ste Spanne.

8.1.1.1.2 Uitdaagbeker – Bestaande uit die Klubs wat die laaste 4 posisie, nommers 9 tot 12 op die Puntestand van die Superliga beklee asook die klubs in posisienommers 1 tot 4 op die Puntestand van die Eerste Liga A.

Na afloop van die Uitdaagbeker kompetisie sal die boonste vier (4) Klubs in Posisies nommers 1 tot 4 op die Puntestand van die Uitdaagbeker, promoveer om die daaropvolgende Seisoen in die Super Liga deel te neem. Klubs in posisie nommers 5 tot 8 op die Puntestand, sal religeer word tot die Eerste Liga A in die daaropvolgende seisoen. Die boonste vier (4) Klubs in Posisies nommers 1 tot 4 op die Puntestand van die Uitdaagbeker, A,B & C Ligas, sal in 'n Semi Finaal en Finaal meeding.

Klubs in die Uitdaagbeker kompetisie sal kompeteer met drie (3) spanne en sal die Eerste Liga A Klubs die voorgeskrewe jaarlikse subskripsiefooi betaal vir drie (3) spanne. Versuim om hieraan te voldoen sal lei tot diskwalifikasie van 'n Klub uit die Uitdaagbeker en sal die volgende kwalifiserende Eerste Liga A Klub, wie voldoen aan die derde (3e) span vereiste, die opsie tot deelname in die Uitdaagbeker gebied word.

8.1.1.1.3 Eerste Liga A - Die oorblywende agt (8) Klubs in die Eerste Liga A in posisienommers 5 tot 12 op die Eersteliga A Eerstespanne Puntestand.

8.1.1.4 Geen kwarteindstryd wedstryde word gespeel in enige van die kompetisieformaat nie, slegs Semi-Finale en Finaal.

8.1.2 Punte Stand Formaat

Die Volgende puntestand formaat sal geld vir die Kompetisie:

8.1.2.1 Wen: vier (4) punte

8.1.2.2 Gelykop: twee (2) punte

8.1.2.3 Verloor: een (1) punt indien die verloor punteverskil tussen die Spanne sewe (7) punte of minder is

8.1.2.4 Verloor: nul (0) punte indien die verloor punteverskil tussen die Spanne meer as sewe (7) punte is

8.1.2.5 Drie Bonus: een (1) punt vir 'n Span wie vier (4) of meer drieë in 'n wedstryd aangeteken het

8.1.3 Die punte toedeling na die Top 8;Uitdaagbeker; Eersteliga A kompetisie sal as volg toegepas word:

- Top 8 Super Liga - Alle punte verdien, teen Klubs wie saam kwalifiseer, tydens die Eerste Rondte van die Super Liga word oorgedra na die Top 8 Super Liga. Sodanige logpunte geld ook vir die B & C Liga (2de en 3e spanne).
- Uitdaagbeker – Geen punte word oorgedra nie. Klubs begin met nul (o) op die puntestand.
- Eerste Liga A – Alle punte verdien, teen Klubs wie saam deurdring, tydens die Eerste Rondte van Eerste Liga A word oorgedra. Sodanige logpunte geld ook vir die B & C Liga spanne (2de en 3e spanne).

8.1.4 Twee afsonderlike streekligas, te wete:

8.1.4.1 Karoostreek

8.1.4.2 Kusstreek

8.2 Die komitee sal gemagtig wees om ander kompetisies behalwe die wat alreeds bestaan, in te stel en om reëls vir die beheer daarvan op te stel.

## 9. LIDMAATSKAPREGISTER

9.1 Elke klub moet 'n lidmaatskapboek hou wat beskikbaar moet wees wanneer behoorlike gemagtigde verteenwoordigers van die Unie dit vir nasiening eis.

9.2 Sodanige boek moet onder andere die volgende inligting in verband met lede bevat: naam, adres, ouderdom (in gevalle waar die spelers deelneem aan 'n kompetisie met 'n ouderdomperk), datum van bestuursverkiesing, bedrag ledegeld, wanneer betaal en die soort lidmaatskap.

## 10. REGISTRASIE VAN SPELERS

10.1 Slegs spelers wat by die Unie geregistreer is, mag in wedstryde onder die vaandel van die Unie deelneem. Behoorlike bewys van verblyf, moet aangeheg word by alle spelers registrasievorms, anders word die aansoek nie oorweeg nie.

10.2 Alle klubs moet jaarliks, ses (6) werksdae voor die aanvang van die ligawedstryde vir die seisoen, 'n lys van spelers vir registrasie aan die Unie voorlê. Klubs word beperk tot 'n maksimum van 150 aktiewe geregistreerde spelers per seisoen. Die volgende uitsonderings geld vir die volgende spelers, wat gedurende die seisoen geregistreer mag word

10.2.1 *Studente wat buite die grense van die SWDRVU studeer;*

10.2.2 *Spelers wat die gevangenis verlaat;*

10.2.3 *Skoliere;*

10.2.4 *Nuwe spelers wat begin speel;*

*10.2.5 Spelers wat by n ander unie gaan speel en dan terugkeer na die SWD, moet ten minste een seisoen by die ander unie gespeel het voordat hy by n ander klub binne sy oorsponklike munisipale gebied in die SWD geregistreer mag word, andersins moet hy eers n volle seisoen by sy ou klub speel. Internasionale / provinsiale spelersklaring moet 72uur nadat aansoek gedoen word, uitgereik word sodat die aansoek om registrasie as volledig beskou kan word. Indien spelersklaring laat uitgereik word, sal die aansoek terugwerkend hanteer word op die datum waarop oorspronklik aansoek gedoen is, met inagneming van die 72uur periode.*

10.2.6 *Indien 'n speler na meer as twee (2) jaar weer wil begin rugby speel en in die tydperk geen rugby gespeel het nie, mag die speler registreer om welke rede die speler behoorlik geregistreer word (registrasievorm, ID foto's).*

10.2.7 *Kwalifiserende spelers kan aansoek doen om spelersregistrasie welke aansoek om registrasie volledig moet wees (spelersregistrasievorm, vertreksertifikaat, ID foto's, behoorlike bewys van verblyf). Spelersregistrasie sal strek vanaf 1 Februarie met die afsnydatum vir alle spelers registrasie jaarliks op 30 Junie.*

10.3 Klubs kan die lys soos bedoel in klousule 10.2 hierbo deurlopend aanpas. Nuwe spelers moet ses (6) dae voor die tyd, waarin hulle veronderstel is om hul eerste wedstryd te speel, geregistreer word.

10.4 Indien die bepalings van klousules 10.1 oortree word, word beide die betrokke klub en speler onmiddellik geskors totdat 'n dissiplinêre verhoor kan plaasvind, welke verhoor binne een (1) week na die skorsing ingestel is, behoort plaas te vind indien moontlik.

10.5 Waar 'n klub skuldig bevind word na aanleiding van klousule 10.4 hierbo, sal (benewens enige ander sanksie wat deur die dissiplinêre komitee toegepas mag word) die opponerende span tot wenners verklaar word. Maksimum wedstrydpunte sal aan sodanige opponerende span toegeken word. Voorts mag die klub en/of speler vir drie (3) opeenvolgende ligawedstryde geskors word.

## 11. OORPLASING EN VERKIESBAARHEID VAN SPELERS

11.1 Geen speler wat 'n lid van 'n klub is, sal toegelaat word om 'n lid van enige ander klub te word nie totdat hy 'nvertrekkaart van eersgenoemde klub kan toon, welke vertrekkaart-nie onredeliker-wyse weerhou mag word nie. Speler is verantwoordelik om self by sy eersgenoemde Klub aansoek te doen, en daarvan bewys te lewer, om die verkryging van 'n vertrekkaart, welke vertrekkaart nie deur eersgenoemde Klub onredelik weerhou mag word nie. Sou enige Klub die vertrekkaart onredeliker wyse weerhou, sal na deeglike ondersoek en verifikasie deur die Unie 'n voorwaardelike kopkaart uitgereik word aan sodanige speler.

11.2 Slegs *bona fide* lede van 'n klub mag vir daardie klub speel. ('n *Bona fide* lid van 'n klub is 'n persoon wat hom permanent gevestig het in die gebied onder beheer van die SWDRVU en wat as 'n lid van daardie klub geregistreer is, met dien verstande dat enige speler wat gelyktydig by

twee of meer unies geregistreer is, nie 'n *bona fide* lid van enige klub geaffilieer by die SWDRVU kan wees nie.)

11.3 Indien 'n klub enigeen behalwe 'n *bona fide* lid van so 'n klub toelaat om in amptelike wedstryde van die Unie te speel, word beide die betrokke klub en speler onmiddellik geskors totdat 'n dissiplinêre verhoor kan plaasvind, welke verhoor binne een (1) week na die skorsing ingestel is, behoort plaas te vind indien moontlik.

11.4 Waar 'n klub skuldig bevind word aan die oortreding soos in 11.3 hierbo gedefinieer, sal (benewens enige ander sanksie wat deur die dissiplinêre komitee toegepas mag word) die opponerende span tot wenners verklaar word. Maksimum wedstrydpunte sal aan sodanige opponerende span toegeken word. Voorts mag die dissiplinêre komitee 'n boete van R2,500.00 (Tweeduisend Vyfhonderd Rand) hef.

11.5 Spelers wat woonagtig is binne die grense van die Unie mag by enige klub wat by die Unie geaffilieer is, aansluit en vir sodanige klub speel, mits hy voldoen het aan die bepalings en vereistes van klousules 11.1 en 11.2.

11.6 Geen leerder aan 'n skool of student aan 'n tersiêre inrigting buite die grense van die Unie word toegelaat om aan enige van die Unie se kompetisies deel te neem terwyl hy aan sodanige inrigting studeer nie, behalwe as hy in die opinie van die komitee 'n *bona fide* lid is van 'n geaffilieerde klub en nie 'n lid is van sy skool of tersiêre inrigting se rugbyklub nie.

11.7 Nieteenstaande die bepaling van enige klousule in hierdie Reëls en Regulasies, mag enige leerder of student gedurende enige amptelike vakansietydperk vir 'n klub in sy tuisdorp speel mits die speler 'n *bona fide* lid van sodanige klub is.

11.8 Geen speler wat woonagtig is binne die grense van 'n ander unie, mag vir 'n klub geafillieer by die SWDRVU speel nie.

## **12.** SKEIDSREGTERS

12.1.1 Die Suid Westelike Distrikte Skeidsregtersvereniging stel alle skeidsregters vir ligawedstryde aan.

12.1.2 Skeidsregters moet ten minste 30 minute voor die wedstryd wat hulle moet hanteer vir die wedstryd opdaag.

12.1.3 Skeidsregters moet by aankoms aanmeld by die tuisklub se Voorsitter of Skakelbeampte en vra vir die veiligheids en sekuriteitsmaatreëls/plan. Skeidsregters het die uitsluitlike diskresie

om sodanige veiligheids en sekuriteitsmaatreëlsplan vir die spesifieke wedstryddag af te teken al dan nie.

12.1.4 Skeidsregters / Assistant Skeidsregters se persoonlike eiendom moet veilig toegesluit word en 'n spesifieke aantrek/uittrek ruimte toegeken word.

12.1.5 Elke tuisklub moet toesien dat 'n spesifieke amptenaar die ontvangs van skeidsregters behartig en verantwoordelikheid neem vir sy/haar reëlings en veiligheid.

12.1.6 Skeidsregters moet voor, tydens en na die betrokke wedstryd neutraal bly en toesien dat hy/sy nie oormatige tyd spandeer by enige een van die spanne (Klubs) of sy amptenare nie.

12.1.7 Skeidsregters moet familiariteit vermy en ten alle tye professioneel optree, selfs al ken hy meeste van die spelers en amptenare.

*12.1.8* Skeidsregters moet hulle heeltemal distansieer van geskenke of beloftes van geskenke wat voor of na wedstryde uitgedeel word.

*12.1.9* Indien 'n Skeidsregter hom skuldig maak aan enige wangedrag of verbreking van die SWDRVU Grondwet / Reëls & Regulasies, die SWD Skeidsregtersvereniging Grondwet / Gedragskode, word sodanige Skeidsregter geskors totdat hy voor 'n Dissiplinêre Komittee verskyn. Sodanige Dissiplinêre verhoor moet binne een (1) week, indien moontlik, geskied na die beweerde oortreding.

12.2 Die paneel van skeidsregters vir provinsiale wedstryde word deur SARRA aangestel.

### 12.3 ROOI EN GEELKAARTE

12.3.1 Afstuur van spelers: [Rooikaart]

12.3.2 Waar 'n speler deur 'n skeidsregter met 'n rooikaart afgestuur word, sal die skeidsregter binne 48 uur na die wedstryd die AlegemeneBestuurder / Bestuurder Amateur Rugby en of Sekretaris van die DK voorsien van 'n skeidsregtersverslag aangaande die voorval.

12.3.3 Indien dit gedoen is op aanbeveling van 'n Assistent Skeidsregter(s), moet die Assistent/(e) se skriftelike verslag die van die skeidsregter vergesel en ook binne 48 uur aan die Algemene Bestuurder / Bestuurder Amateur Rugby en of Sekretaris van DK gelewer word.

12.3.4 Verslae kan op enige wyse aan die Algemene Bestuurder /Bestuurder Amateur Rugby en of DK Sekretaris gelewer word (byvoorbeeld faks, pos, handpos, e-pos, ensovoorts).

12.3.5 Nie teenstaande die voorsien van die verslae soos hierin vermeld, bly die betrokke speler geskors vir drie (3) liga wedstryde.

**12.4** Die verslae moet die volgende meld:

12.4.1 Datum van die wedstryd, plek gespeel en die spanne betrokke.

12.4.2 Die naam van die speler en sy klub.

12.4.3 Die omstandighede waaronder hy afgestuur is.

12.4.4 Die redes waarom hy afgestuur is.

12.4.5 Enige ander inligting tot beskikking van die Skeids / Assistent.

**12.5** Waar ‘n speler tydens ‘n wedstryd ‘n rooikaart ontvang of nie ontvang nie, mag sodanige spelers steeds vir ernstige wangedrag tydens wedstryde deur ‘n uitwysbeampte/citing officer uitgewys en na die DK verwys word en vir sodanige wangedrag aangekla word. Sodanige uitwysing mag slegs 72uur na ‘n wedstryd gedoen word. Die uitwysbeampte(s) kan ‘n senior lid van die SWDRVU Skeidsregtersvereniging wees en moet deur die SWDRVU se Uitvoerende Komitee aangestel word.

**12.6 VERSOEK VIR VERHOOR**

12.6.1 Waar 'n speler afgestuur word by wyse van ‘n rooi kaart, word hy outomaties vir 3 wedstryde geskors en geen verhoor vind plaas nie TENSY:

**12.6.1.1** Hy/sy goeie redes kan aanvoer waarom 'n verhoor nodig is. Die Dissiplinêre Komitee bestudeer die redes en besluit of 'n verhoor nodig is. Redes vir die verhoor moet binne die volgende konteks gespesifiseer word, nl i) dispuut rakende skuldigbevinding met verwysing na die uitreiking van die rooikaart; of ii) beswaar teen die outomatiese skorsing van 3 ligawedstryde met ‘n pleit ter versagting.

**12.6.1.2** Die Dissiplinêre Komitee kan op ander gronde self besluit om 'n verhoor te hou. Indien besluit word om 'n verhoor te hou, sal die Dissiplinêre Komitee kennis gee van 'n verhoor en die kennisgewing sal insluit:

**12.6.1.2.1**'n Afskrif van die skeidsregter se verslag.
**12.6.1.2.2**'n Afskrif van die assistent(e) se verslag(e).
**12.6.1.2.3**'n Kennisgewing aangaande die datum, tyd en plek van die verhoor.
**12.6.1.2.4** Dat die speler die verhoor persoonlik sal bywoon.

**12.6.1.2.5** Kennisgewing aan sy klub van die verhoor.

**12.6.1.3** Die skeidsregter wat 'n speler afgestuur het, sal die verhoor bywoon en in die geval waar dit as gevolg van 'n assistent(e) aanbevelings was, sal hy/sy dit ook bywoon tensy daar buitengewone omstandighede bestaan waarom dit nie moontlik is nie.

**12.6.1.4** Die normale verhoor voorskrifte sal van toepassing wees tydens die verhoor van ‘n speler wie ‘n rooikaart gedurende ‘n wedstryd ontvang het.

**12.6.1.5** Rooikaart verhore, sal primêr virtueel gehou word, behalwe as die Voorsitter anders besluit.

12.6.2 Skeidsregters is verplig om die uitreiking van geel en/of rooi kaarte binne 48 uur na afloop van die betrokke wedstryd by die Unie aan te meld. Geen skeidsregter het hieroor ‘n diskresionêre bevoegdheid nie.

12.6.3 Indien ‘n skeidsregter versuim om die uitreiking van geel en/of rooi kaarte by die Unie aan te meld, is sodanige skeidsregter skuldig aan wangedrag.

12.6.4 Bostaande reëling geld ook ten opsigte van vriendskaplike wedstryde.

12.6.5 Geel en rooi kaarte uitgereik in een seisoen, is nie oordraagbaar na ‘n nuwe seisoen nie.

12.6.6 Spelers wat rooi kaarte kry word outomaties vir 3 (drie) wedstryde geskors uit alle wedstryde, insluitend provinsiale wedstryde waarby so n speler betrokke mag wees, bo en behalwe enige ander straf wat so n speler mag kry by n tugverhoor. Outomatiese skorsing vind plaas sonder kennisgewing van die Unie.

12.6.7 Enige Klub wie se speler tydens ‘n wedstryd ‘n rooikaart ontvang het, mag met opgaaf van redes en tersaaklike bewyse, aansoek doen om hersiening of die tersyde stelling van sodanige rooikaart. Sodanige aansoek om hersiening / tersydestelling moet binne 48 uur nadat die rooikaart toegeken is, skriftelik by die Algemene Bestuurder / Bestuurder Amateurrugby ingedien word. By die suksesvolle aansoek om tersydestelling word sodanige speler se outomatiese skorsing herroep en word geen verdere sanksie toegepas nie.

## 13. TOELATING VAN AMPSDRAERS BY KLUBWEDSTRYDE

13.1 Lede van die Uitvoerende en Keurkomitees van die Unie en aktiewe lede van die skeidsregtersvereniging sal tot alle klubwedstryde toegelaat word nadat ‘n kaartjie, wat nie oordraagbaar is nie, getoon is.

## 14. UITVOERENDE KOMITEE VERGADERINGS

14.1 Uitvoerende Komiteevergaderings sal elke 2de maand gehou word tensy die komitee anders besluit.

## 15. OPNEEM VAN SPELERS IN SWD-SPANNE

15.1 Wanneer 'n speler vir die eerste keer in 'n provinsiale oefengroep opgeneem word, word die sekretaris van sy klub skriftelik of per e-pos ingelig.

15.2 Alle verdere reëlings sal deur die spanbestuur met die speler getref word vir so lank as wat hy deel is van die oefengroep.

15.3 Die klub moet in alle gevalle reëlings in verband met vervoer, bywoning van oefeninge, bywoning van oefenkampe en individuele oefenprogramme vir spelers fasiliteer.

15.4 Indien die speler weggelaat word uit die oefengroep, sal die sekretaris van sy klub skriftelik of per e-pos in kennis gestel word.

## 16. DISSIPLINêRE PROSEDURE

16.1 Alle klagtes van 'n voorval, insident van beweerde wangedrag/ onsportiewe gedrag, moet die volgende werksdag voor 13H00 van die onderhawige voorval by die Algemene Bestuurder/ Bestuurder: Amateurrugby / DK Sekretaris aanhangig gemaak word.

16.2 Indien 'n voorval tydens 'n wedstryd tot 'n dissiplinêre verhoor aanleiding gee, word die betrokkenes onmiddellik geskors totdat hulle voor sodanige verhoor verskyn.

16.3 Sodanige verhoor moet binne een (1) week na die skorsing ingestel is, indien moontlik, gehou word met dien verstande dat drie kalenderdae formele kennisgewing daarvoor gegee sal word. Dissplinêre Komitee (DK) sal bepaal of 'n fisiese Dissplinêre verhoor sal plaasvind en of daar op stukke (verslae) beslis sal word.

## 17 APPÈL

17.1 Indien die aangeklaagde teen sy/haar bevinding wil appèlleer, moet u dit binne drie (3) kalenderdae vanaf ontvangs van die bevinding doen en 'n bedrag van R10,000.00 (Tien duisend rand) appèlfooi betaal, appèlfooi is nie terugbetaalbaar, anders word die appèl nie aanvaar nie. Redes vir die appèl moet genoemde bedrag vergesel.

17.2 Na ontvangs van die Kennisgewing van appèl asook die redes vir die appèl, soos ontvang binne die tydsraamwerk uitgestippel in regulasie 17.1, sal 'n Appèlkomittee saamgestel word. 'n Appèlkomittee sal normaalweg bestaan uit drie (3) persone onder voorsitterskap van 'n senior Regspersoon wie die mag en diskresie geniet om die prosedure vooraf en tydens die Appèl sitting te reguleer.

17.3 Die Appèlkomittee sal bepaal op watter basis die appèl sal voortgaan en mag op sy diskresie besluit om die gedeeltelike of volle getuienis soos gelewer voor die Dissiplinêre Komittee aan te hoor.

17.4 Die Voorsitter van die Appèlkomitte bepaal die prosedure by 'n Appèl verhoor. Meerderheid stemgeskied. In die geval van 'n gelykop stem, sal die Voorsitter 'n beslissende stem geniet.Geen lid van 'n Appèlkomitte mag buite stemming bly nie en moet alle lede deelneem aan die verrigtinge.

18 MAGTE VAN APPÈLKOMITTEE

18.1 'n Appèlkomitte het die mag om:

(a) die appèl toe te laat om voort te gaan, of om dit te skrap

(b) om die die besluit te verander in enige manier wat hul goeddunk ( ingesluit die mag om dit te verhoog,verminder, te volstaan daarmee of dit tersyde stel)

(c) enige ander verdere bevinding te maak ( betreffende kostes of enige iets anders) na hul goeddunke

(d) om enige ander stappe te neem wat die Appèlkomittee binne hul diskresie in die uitvoering van hul pligte as toepaslik beskou om die aangeleentheid regverdig af te handel

18.2 Die partye betrokke by die Appèl sal so redelik en prakties moontlik skriftelik in kennis gestel word na afhandelingvan die verhoor. Nadat kennisgewing aan die Rugbyklub of persoon gelewer is, sal die besluit as finaal en bindend beskou word.

## 19 BYWONING VAN AMPTELIKE AKTIWITEITE

19.1 Die bywoning van alle amptelike aktiwiteite van die Unie deur geafilieerde lede is verpligtend. Enige aangeleentheid wat deur die Unie gereël word en waarvan ten minste een (1) week kennis gegee word, resorteer onder hierdie bepaling maar informele uitnodigings word uitgesluit. Geldige of redelike verskonings sal oorweeg word.

19.2 Enige klub wat versuim om te voldoen aan die bepalings soos uiteengesit in 19.1 hierbo, word beboet met R3,000.00

19.3 Indien 'n klub homself drie keer binne 'n seisoen skuldig maak aan die verontagsaming van 19.1 hierbo, moet sodanige klub voor 'n dissiplinêre komitee verskyn en kan verder beboet word tot op 'n maksimum bedrag van R5 000.00 (vyfduisend rand).

## 20 BOETES

20.1 Alle boetes is betaalbaar aan die Unie.

20.2 Alle boetes is betaalbaar teen 10H00 op die werksdag voor die volgende amptelike wedstryd (of binne een (1) week van oplegging), wat ookal eerste kom.

20.3 Oortredende klubs wat in gebreke bly om boetes soos hierbo in klousule 19.2 te betaal, word geskors van verdere deelname aan die Unie se kompetisies en ander aktiwiteite tot tyd en wyl die voorgeskrewe boetegeld betaal is. Nie oortredende klub sal as wenner verklaar word met volle wedstrydpunte, indien 'n geskeduleerde ligawedstryd moes plaasgevind het tydens die skorsingsperiode.

Goedgekeur deur die Uitvoerende Bestuur op hierdie 31ste dag van Januarie 2026.

| | |
|---|---|
| ........................................................ | ........................................................ |
| President | Algemene Bestuurder |
| B Brinkhuis | V Manie |